



NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme } "Adviesraad"
Telegrams }
Telefoon | 3-3114
Telephone | 3-3117

*Geskryf vir Handhaaf
van die F.A.K., spesiale
Dr. Malan-nommer,
Mei 1974.*

Privaatsak } 298,
Private Bag }
PRETORIA.

DR. MALAN AS NASIONALE FIGUUR

DEUR PROF. H.B. THOM

Dr. Malan as Nasionale Figuur - met hierdie titel het ons in gedagte dr. Malan as man van sy volk, as man wat deur sy volk aanvaar en geëer is, wat deur sy volk met vertroue gevolg is, wat reeds in sy leeftyd deur sy volk gehuldig is, en aan wie sy volk ook nã sy dood nog steeds dankbare hulde toebring.

'n Mens sou dit alles ongetwyfeld in 'n minder of meerder mate ook van ander groot manne kan sê. Immers, hy wat nie die agting en vertroue van sy volk wen en nie op dankbare wyse deur sy volk onthou word, sal in die geskiedenis van sy volk nooit 'n groot figuur wees nie. Maar dit is 'n kwessie van graad: die een staan hoër in die estimasie van sy volk as die ander, miskien omdat hy meer saam met sy volk gely het, miskien omdat hy die dieper behoeftes van sy volk beter raakgesien en met meer vrug daarin voorsien het, of om watter rede ook al.

Dit is egter ook 'n kwessie van aksent. Ofskoon die groot manne uit ons volksgeskiedenis leidende, invloedryke figure was, was hulle beslis nie eweseer nasionale figure nie. Daar is aksente in hulle belangrikheid, en daardie aksente lê soms ietwat verwyderd van die nasionale, die patriotiese of die volkse. Genl. Smuts toring hoog uit in ons geskiedenis maar dit is hoofsaaklik omrede van sy holistiese beskouing, waarvolgens hy in

2/.....

terme van groot gehele gedink en aan Suid-Afrika 'n bepaalde plekkie as onderdeel daarvan ingeruim het. Genl. Hertzog word veral onthou omrede van sy leer van Suid-Afrika eerste: die blanke van Suid-Afrika laat die belange van Suid-Afrika deurslag gee wat ook al die belange van enige land van die buitewêreld mag wees. Mnr. Strydom, ofskoon sy tyd maar kort was, was die Republikein, wat onwrikbaar in die Republiek geglo en daarvoor gewerk het. En dr. Verwoerd, die grondvester van die Republiek, was by uitstek die man van die hersiene staatkundige orde, waarvolgens Suid-Afrika in 'n nuwe baan geplaas is om geleidelik in 'n veranderde gedaante voor die wêreld te verskyn.

Maar dr. Malan? - Hy was die man van die volk, van die Afrikaner; hy was die man wat hom verbind het om eers en veral die Afrikaner te dien, en deur die Afrikaner die hele Suid-Afrika. Hy was die nasionale figuur, die man wat hom soseer met die belange van sy volk geïntegreer het, dat hy één daarmee geword het en sy hele lewe daaraan gewy het. Hy het wel ook sterk geglo in bv. die Republiek en in die skeiding van blank en nie-blank, maar hy was nie primêr die man van grootse nuwe gedagtes oor die verhouding tussen ons twee groot blanke taalgroepe, oor 'n konstellasie van blanke en nie-blanke state binne die grense van Suid-Afrika, en oor ander dergelike konsepte nie. Bring bymekaar wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort - dit was 'n vername leitmotif van sy lewe, en dan het hy dit veral ten aansien van die Afrikanerdom gesê, in die diens van wie hy hom met sy hele hart gegee het.

Hierdie groot taak het dr. Malan baie duidelik voor hom gesien; en sy herkoms, sy vorming, en sy politieke optrede voordat hy Eerste Minister geword het, het hom hiervoor toegerus en inderdaad as't ware hiervoor voorbestem.

In dr. Malan se afstamming loop Hugenebloed baie sterk. Van sy stamvader af, Jacques Malan, wat as jong man saam met die Franse Vlughtelinge

na die Kaap gekom het, tot by dr. Malan self is dit byna deurgaans 'n Hugenote-afstamming, sodat met reg gesê kan word dat dr. Malan in die Calvinistiese tradisie gebore en getoë is. Die geskiedenis van sy familie is ingewewe in die geskiedenis van die Afrikanervolk, en die huis wat hom aan Suid-Afrika gegee het, was 'n egte Bolandse boerehuis.

In sy lewe het hy hom ook reeds vroeg van sy Afrikanerskap bewus geword. Dit is welbekend dat hy hom as jong student op Stellenbosch, ofskoon die voertaal by die onderwys in daardie tyd vrywel deurgaans Engels was, reeds ernstig met die belange van sy eie mense vereenselwig het, tot so 'n mate dat hy besluit het om hom vir die bediening voor te berei en die hoogste geestelike belange van sy mede-Afrikaner in en deur middel van die Kerk te dien. Toe hy daarna in Nederland gestudeer het, terwyl die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika aan die gang was, het hy, ofskoon hy Kaaplander was, hom die lotgevalle van sy mede-Afrikaner in die Republieke diep ter harte geneem.

Met geesdrif woon hy op 10 Oktober 1900 die erediens by in die Nieuwe Kerk in Amsterdam, ter ere van die verjaarsdag van pres. Kruger; hy is een van die gelukkige groepie Afrikaners wat in Desember van dieselfde jaar die groot ontvangs vir pres. Kruger op die spoorwegstasie van die ou stad Utrecht meemaak; en hy bied aan om in Engeland oor die toestand - veral die oorlog - in Suid-Afrika te gaan praat. Ná die oorlog lê hy met meeleving besoek af by pres. Steyn en sy gesin, wat toe tydelik in Duitsland was. Deur dit alles heen het hy vir homself volle duidelikheid gekry: "Ik het mij voor- genomen", so skryf hy aan 'n vriend in Suid-Afrika, "met mijne zwakke krachten te gaan werken voor het Afrikaner volk en van den weg geen duimbreed te wijken".

Terug in Suid-Afrika het hy as jong predikant koersvas op hierdie weg voortgewerk, eers op Heidelberg (Tvl.) en vervolgens op Montagu en Graaff-Reinet; en dit pas ook volkome binne die patroon van sy oortuigings en arbeid

dat hy in Desember 1914 in Pretoria nog 'n laaste desperate poging aanwend om genl. Smuts te beweeg om die doodvonnis oor Jopie Fourie te verander. Nadat hy redakteur van Die Burger geword het, 'n taak wat hy met diepe geroepenheid aanvaar het, het hy hom midde in die politieke lewe bevind en hom nou met nog meer beslistheid en op meer praktiese wyse vir die diens van sy volk beywer.

In die Pakt-regering van genl. Hertzog, wat in 1924 ontstaan het toe die Nasionale Party onder die Generaal die samewerking van die Arbeidersparty gekry het, het dr. Malan hom 'n uitnemende Minister van Onderwys en van Binnelandse Sake en Volksgesondheid getoon, en die agting van almal afgedwing. Hy het in hierdie hoedanigheid gestaan toe hy in 1925 'n wet deur die Parlement geloods het waardeur Afrikaans amptelik erken is en die Afrikanervolk aldus een van sy grootse kultuurskatte gewaarborg gekry het. Dit was o.a. omrede hiervan dat die F.A.K. op 'n kongres op Stellenbosch in 1957 sy eerste Erepenning vir Volksdiens aan hom toegeken het.

Dr. Malan het soseer oortuigde Afrikaner gebly dat hy in 1933-34 nie daarvoor te vinde was om met die nuwe saamgesmelte party van genl. Hertzog en genl. Smuts saam te gaan nie. Hy het suiwere Nasionalis gebly wat hom ten doel gestel het om die Nasionale Party opnuut op te bou en sterk te maak.

Gedurende die bange oorlogsjare, en die tyd wat onmiddellik daarop gevolg het, het sy taak ontsettend moeilik geword, want die Afrikanerdom - selfs die nasionaal-gesinde Afrikanerdom - was verskeurd en magteloos: daar was die Nasionale Party onder dr. Malan, die Ossewabrandwag onder dr. Hans van Rensburg, die Nuwe Orde onder adv. Oswald Pirow, die Afrikanerparty onder mnr. N.C. Havenga, en dan die sg. hemp-bewegings, Gryshemde, Swarthemde, ens., elkeen met sy eie liefelingstaatkunde op pad na sy eie utopia. Maar dit was juis in hierdie tyd dat die heroïese in dr. Malan onstuitbaar na vore gebeur het om hom onmiskenbaar as een van die grootste nasionale figure van die Afrikaner te laat uittroon.

Afrikaners moes die selfvernietiging van verdeeldheid beëindig; hulle moes mekaar se hande vat om saam te bou aan 'n nuwe, groter Suid-Afrika. Maar nie almal nie, dit kōn nie: nie Smelterjingo nie, nie Nasionaal-Sosialis nie, nie Fasis nie; net hulle wat ware nasionale demokrate is, hulle kon die kern vorm, die suurdeeg word om verder vorentoe voort te bou. Vandaar sy reeds genoemde heldere wekroep: Bring bymekaar wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort!

Só het hy nie net met woorde getuig nie, maar ook met dade gedoen. Terwille van hierdie eenheid het hy die leierskap van sy geliefde Nasionale Party neergelê en met sy ondersteuners onder genl. Hertzog gaan dien in die Herenigde Nasionale Party of Volksparty. Terwille van hierdie eenheid het hy ook onverbiddelik standpunt ingeneem teen die O.B. toe dit duidelik word dat dr. Van Rensburg sy heil soek in die leerstuk van die Nasionaal-Sosialisme en "kruisiesmaak" met veragting verwerp. Dit was ter wille van dieselfde eenheid dat hy in April 1947 mnr. Havenga ontmoet het en - selfs met die gramskap op sy hals van invloedryke manne uit sy eie kring - met mnr. Havenga 'n ooreenkoms gemaak het waarvolgens Nasionalistes en Afrikanerparty-mense mekaar in die op-hande-synde verkiesing nie sou beveg nie maar daadwerklik met mekaar sou saamwerk. En laat daar vandag geen twyfel oor bestaan nie: dit is aan hierdie ooreenkoms te danke dat daar na die verkiesing van 26 Mei 1948 'n Nasionale Regering aan die bewind gekom het en op hierdie tydstip 'n nuwe tydvak in die geskiedenis van Suid-Afrika ingelui is.

Ek vertrou die leser sal my 'n persoonlike getuienis vergun; ek het dit al voorheen vertel, maar dit is hier weer treffend van pas.

Dr. Malan het siek gelê in Môrewag op Stellenbosch, en menslik gesproke het sy tydjie al kort geword. Ek het hom gaan besoek, soos ek meer-male gedoen het. Toe mev. Malan sê dat hy baie siek is, wou ek liever loop, maar sy nooi my binne: "Kom in; hy sal jou graag wil sien".

Met sigbare inspanning groet hy, Dan lê hy met geslote oë en ek sit in stilte voor sy bed. Die gedagte skiet my te binne: Ek sit voor die siekbed van 'n groot Afrikaner; wie weet, dit mag sy sterfbed word; het hy nie miskien 'n boodskap of besielende gedagte nie? Dit mag sy laaste wees.

Ek maak moed bymekaar: "Doktor, u het u eersteministerskap reeds geruime tyd neergelê, u woon rustig in Môrewag, teruggetrek van die gewoel daarbuite; en u kyk terug oor 'n baie lang skof. Wat sou u sê is u grootste bydrae en verdienste vir die vooruitgang van Suid-Afrika?" 'n Lang, voelbare stilte volg. Dan kom dit, met 'n onverwags heldere, sonore stem, daardie stem wat ons so goed geken het by groot geleenthede: "Maar hoe praat jy dan nou van 'n bydrae, 'n verdienste? 'n Bydrae het ek nie gelewer nie, 'n verdienste het ek nie gehad nie; nie ek nie, nie een van ons nie". Dis of ek 'n berisping aanvoel. Ek voel skuldig maar ek hou vol, eintlik tot verbasing van myself: "Dit spyt my van harte, Doktor, maar ek bedoel: U het groot dienste aan die Afrikaner bewys; wat was die vernaamste diens?" Weer 'n lang stilte, en dan volg die antwoord, nou in rustige, berustende woorde: "Dat ek my volk kon dien, dat ek my volk bymekaar kon bring. Die Here het my dit gegun".

Dr. Malan, man van sy volk, dwarsdeur sy lewe, tot die end toe.

+ + + + + +